Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

10 November 2021
OB 37

Beste Ouers

Die afgelope week het vlot verloop en ons leerders is hard besig om voor te berei vir die finale assesseringstake van die kwartaal. Die gr. 7's se Eindjaar-toetsreeks begin op Woensdag 17 November en gr. 4-6 op Maandag 22 November. Skooltye vanaf 17 November is vanaf 7h45 – 13h00. Die hekke sal soggens om 07h20 oopmaak, sodat leerders "gescreen" kan word.

Die volle dag se skoolbywoning tydens die Eindjaar-toetsreeks is verpligtend. Die WKOD verwag dat leerders die volle skooldag sal bywoon. Die eksamenreëls sal met die leerders bespreek word. Indien 'n leerder vir die formele Eindjaar-toets afwesig is, moet 'n dokter- of klinieksertifikaat ingehandig word. Leerders mag slegs afwesig wees weens ernstige siekte gedurende die toetsreeks.

Ons leerders geniet die sport wat tans aan die gang is. Dit is regtig lekker om te sien hoe gretig die atlete deelneem. Ons sien uit na 'n heerlike atletiekseisoen, waar ons weer die tradisionele Kleuresport sal hou, met al ons leerders op die pawiljoen. Indien ons almal saamwerk om die verspreiding van Covid-19 te bekamp, sal ons die komende jaar normaal kan begin en alles kan doen waaraan ons gewoond is. Bid asb. vir ons land, dat ons 'n erge 4de vlaag sal vryspring.

Alles van die beste vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

BELANGRIKE DATUMS

Donderdag, 11 November:	Storieskip (gr. 1-4)
	Laaste sport (met die oog op Eindjaar-toetsreeks)
	Ouerbegrotingsvergadering
Vrydag, 12 November:	Gr.R-Kuierdag
Woensdag, 17 November:	Toetsreeks (gr.7) begin
Maandag, 22 November:	Toetsreeks (gr.4-6) begin

Personeel verjaarsdae

21 November:
Maryn Stemmet

Gr.R-Kuierdag
(Gr. 1 klas van 2022)

Vrydag, 12 November 2021 kom die gr. 1-klas van 2022 by die Monties kuier.

Ons is al baie opgewonde om hulle te ontmoet.

TOETSROOSTER: NOVEMBER 2021

Dag	Datum	Gr. 4 - 6	Gr. 7
Woensdag	17 Nov		NW
Donderdag	18 Nov		ENG
Vrydag	19 Nov		AFR
Maandag	22 Nov	NWT	GEO
Dinsdag	23 Nov	AFR	SK + Drama
Woensdag	24 Nov	ENG	LO
Donderdag	25 Nov		
Vrydag	26 Nov	WISK	WISK
Maandag	29 Nov	GEO	EBW
Dinsdag	30 Nov		
Woensdag	1 Des	PSW	GESK
Donderdag	2 Des	GESK	TEG
Vrydag	3 Des	Tale: Skryfstukke	Tale: Skryfstukke

ERKENNINGSAANDE

Onthou asseblief dat alle sertifikate of medaljes wat leerders by buite skool-aangeleenthede verwerf, skool toe gestuur moet word. U het reeds 'n brief ontvang hieroor met 'n tabel, waarop u, u kind se prestasies moet invul. Stuur asseblief die sertifikate of medaljes saam. Dit moet teen **Vrydag, 12 November 2021** by die skool wees.

ATLETIEK AFRIGTERSOPLEIDING

Op Saterdag, 6 November 2021 het die personeel van Laerskool Montagu 'n atletiekkursus by Laerskool Montagu bygewoon. Mnr. Jannie Nel van Mosselbaai is 'n afrigter wat baie individuele atlete afrig en ook sy eie atletiek-akademie het. Die kursus het velditems en baanitems ingesluit. Daar was ook 9 atlete wat kom help het met die demonstrasies. Die atlete en die personeel het sommer baie geleer.

Die dag is afgesluit met die personeel wat self hulle nuwe kennis kon toepas met die spies, diskus en gewig. En natuurlik het Mnr. Louwtjie Strauss die beste gevaar. ☺

Hou jou kinders veilig op sosiale media

Ouers word aangemoedig om na die video ***The Terrible Trio*** te kyk. Hierdie webinaar is aangebied deur *FESAS TechTalk* en *Be In Touch*
https://m.youtube.com/watch?v=1D7Zcp5K7pc

Hulle wil ouers en onderwysers bewus maak van die gevare van *Snapchat*, *TikTok* en *Instagram*.
Hulle gee ook praktiese raad aan ouers i.v.m. die verstellings van hierdie *Apps*, asook hoe om met hul kinders daaroor te praat.

Kyk ook gerus na die webtuiste ***Be In Touch*** (https://beintouch.org.za), wat 'n baie goeie bron vir ouers is oor verskeie Internet Veiligheid sake.

Baie geluk aan die volgende wenners

van ons *Hills* lootjie trekking:

1ste plek – 2 nagte by Sanbona ter waarde van R30 000: Michelle Fourie

2de plek - Plaaswegbreek verblyf: Marlize Volschenk

3de plek – "Glamping" by De Fonteijn: Frané Plaatjies

4de plek - Montagu Country Hotel verblyf: Janica Naudé

5de plek – Glen Eden verblyf: Manique Victor

Dankie aan al die

borge van hierdie pryse!

HILLS CHALLENGE
MOUNTAIN BIKE & TRAIL RUN

Montagu Tennisklub bied aan:

BURGERS

VIR BANE

12 NOVEMBER 2021

TYD: 12H00, 17H00 - 19H00

BURGER & CHIPS

@ **R50.00**

Vanaf 14:00 is sal daar lekker sports wees waar ouer en junior lede spanne mekaar aanvat.

Kom ondersteun ons asb. vir 'n lekker dag van TENNIS!!

20:00

VERTOON WEDSTRYD

ANRO NEL vs VINCENT MOKHITLI

ONS GAAN GROOT MET VAN 'N STOEL SKEIDSREGTER TOT 'BALL BOYS"

KOM KYK HOE SPEEL MONTAGU SE **TENNIS TROTS**, en COACH VINCENT

KONTANT KROEG BESKIKBAAR